# GEOGRAFIE GRAAD 4 KWARTAAL 1

## PLEKKE WAAR MENSE WOON

### MENSE EN PLEKKE

- Plekke waar mense woon, kan beskryf word as plase, klein dorpies, dorpe of stede.
- Oral waar mense woon, is daar geboue, paaie en voetpaadjies.
- Die geboue, paaie en voetpaadjies het ’n funksie of ’n doel waarvoor dit gebruik word.
- ’n Plek waar mense saam woon word ’n nedersettinggenoem.
- Plase, dorpe en stede is alles verskillende soorte nedersettings.

### PLEKKE OM TE WOON

- Jy kan plekke beskryf volgens:
    - Die aantal mense wat daar woon.
    - Die grootte van die plek.
    - Die soort werk wat mense daar doen.
    - Die tipe geboue wat daar is.
    - Die soort paaie en voetpaadjies.

SAMPLE



- ’n **Plaas** is ’n groot stuk grond wat gebruik word om kos te produseer.
- Die mense wat op ’n plaas woon is die eienaars en plaaswerkers.



- Meer mense woon in **klein dorpies** as op ’n plaas.
- ’n Klein dorpie is kleiner as ’n groter dorp.
- Verskeie gesinne woon in ’n klein dorpie.
- Daar kan winkels in ’n klein dorpie wees, en partykeer is daar ook ’n skooltjie en ’n kliniek.




- **Groter dorpe** is heelwat groter, maar kleiner as stede.
- Baie mense woon en werk op ’n dorp.
- Daar is winkels, skole en klinieke.
- Daar is ook fabrieke en kantore

## KAARTVAARDIGHEDE

### SYAANSIG EN PLANAANSIG

- Dinge lyk verskillend afhangende van die posisie waaruit jy daarna kyk.
- Dit word die gesigspunt genoem.


### PRENTE WAT ń PLANAANSIG EN SYAANSIG WYS



***Sy-aansig***

In die prent kyk jy van die kant af na die plaas.

- Jy kyk na die meeste geboue en vertrekke van die kant af omdat jy op die grond staan.



***Planaansig (Bo-aansig)***

Hierdie planaansig wys elke voorwerp soos dit van bo af geteken is.

- ’n Planaansig is die aansig van bo af.
- Dit word ook ’n lugaansig genoem.
- ’n Plan is ’n tekening van ’n plek soos dit van bo af lyk.
- ’n Plan wys die grootte en vorm en posisie van dinge.
- Jy kan sien waar alles is deur ’n plan te gebruik.

SAMPLE

## MENSE EN KOS

- Kosproduksie beteken die vervaardiging of maak vandie kos wat jy eet.
- Sommige kossoorte kom van gesaaides en boorde (plante), soos groente en vrugte, tee en koffie.
- Ander kossoorte kom van vee en lewende hawe (diere), soosvleis, hoender en vis.
- Suiwelprodukte soos melk, kaas en botter, kom vandie melk van diere.
- Soms kom die kos van jou omgewing.
- Mense kweek dit op ’n groente plaas, nie ver van waar jy woon nie,of selfs by jou eie huis.
- Soms kom die kos wat jy eet van ver af waar vreemdelinge duisende kilometers van jou af groente en vrugte kweek.
- Party kosse is rou.
- Ander moet eers gekook word voor dit veilig is om te eet.
- Byvoorbeeld, sommige groente kan rou geëet word, soos wortels, maar vleis moet gaargemaak word.
- Party kosse is vars, maar ander kosse is geprosesseer en kom in verpakking, blikkies of bottels.

## SOORTE BOERDERY

- Op plase en in klein dorpies kweek mense dikwels hul eie kos.
- In dorpe en stede koop mense gewoonlik die kos wat ander mense gekweek het.
- Die meeste van die kos wat jy eet, kom van plase af.
- Boerdery behels die kweek van plante of die aanhou van diere vir kos.
- Daar is twee soorte boerderye.
  - **Bestaansboere** kweek kos vir hulself en hul families.



  - **Kommersiële boere** boer met groot hoeveelhede landbouprodukte wat hulle verkoop.

SAMPLE

# WATER IN SUID-AFRIKA

## GEBRUIKE VAN WATER

- ’n Mens kan nie langer as vyf dae sonder water oorleef nie.
- Ons het water nodig om die plante wat ons eet, te laat groei.
- Diere het water en plante nodig om te oorleef.

## BOERDERY EN FABRIEKE

- Meeste water in S-A word deur boerdery en industrieë gebruik.
- Byvoorbeeld, die hoeveelheid water wat nodig is om melk te produseer, sluit die water in wat nodig is om die koeie se weiding te laat groei, die water wat die koeie drink, plus die water wat nodig is om melk te verskaf en te bottel.
- Die mynindustrie gebruik baie water.
- Byvoorbeeld, in staalproduksie word water vir die myn van grondstowwe gebruik, sowel as in die staalfabriek self.
- Fabrieke gebruik water om dinge te maak.
- Byvoorbeeld, die produksie van een klein motor gebruik omtrent 150 000 liter water.



## WATER AS ’N HULPBRON

- Jy sal water op allerhande plekke kry.
- Dis in mense, diere en plante.
- Dis ook op die oppervlak van die aarde en diep ondergronds.
- Selfs in die lug is daar water in die vorm van wolke, reën, sneeu en hael.
- Mense kan nie water maak nie, daarom is ons afhanklik van die water in die natuur.
- Water beweeg in ’n natuurlike siklus deur die lug, land en see.


Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## PLAASLIKE GESKIEDENIS

## VIND INLIGTING OOR DIE HEDE

### INLIGTING UIT PRENTE EN GESKRIFTE

- Baie inligting kan uit prente en geskrewe stukke gehaal word.
- Byvoorbeeld, jy kan koerante, brosjures, die internet, strooibiljette, advertensieborde, graffiti en foto's gebruik om dinge uit te vind.

### INLIGTING UIT ONDERHOUDE

- Jy kan inligting kry deur met mense te gesels.
- Skryf 'n lys met vrae neer waarop jy die antwoorde wil hê.
- Daarna kan jy 'n onderhoud met die persoon reël.

### INLIGTING UIT VOORWERPE

- Jy kan inligting kry deur na die dinge om jou te kyk.
- Kyk na geboue en ander voorwerpe om uit te vind watter hulpbronne en fasiliteite beskikbaar is.
- Die plaaslike biblioteek is byvoorbeeld 'n hulpbron vir boeke en 'n winkelsentrum is 'n fasiliteit met winkels en restaurante.

## VIND INLIGTING OOR DIE VERLEDE

### INLIGTING UIT FOTO'S EN ONDERSKRIFTE

- Plekke kan mettertyd baie verander.
- Byvoorbeeld, Johannesburg het oor die afgelope 100 jaar baie verander.
- Dit was eers 'n groot plaas, maar vandag is dit 'n groot stad waar miljoene mense woon.
- Foto's kan jou wys hoe dinge verander het.

### INLIGTING UIT GESKRIFTE

- Jy kan meer oor die verlede te wete kom deur na kaarte, boeke, briewe, dagboeke en ander geskrewe items te kyk.
- Die name wat mense aan plekke, riviere, berge en dorpe gee, verskaf vir jou leidrade omtrent die geskiedenis daarvan.
- Byvoorbeeld, Thabazimbi beteken "berg van yster" in Tswana, en Vaal beteken "grys" in Hollands.


SAMPLE

# GESKIEDENIS GRAAD 4 KWARTAAL 2

## LEER BY LEIERS

## VRA VRAE EN BEANTWOORD VRAE OOR DIE LEWE EN KWALITEITE VAN GOEIE LEIERS

- Dink aan die mense wat jy ken wat ander lei.
- Dit kan jou skoolhoof wees, 'n godsdienstige leier of die kaptein van 'n sportspan.
- Dit kan iemand wees na wie mense luister omdat hulle hom of haar respekteer.
- Leiers is mense na wie ander luister en wat hulle om verskeie redes navolg.
- Leiers is nie altyd beroemd nie – gewone mense kan ook leiers wees.



***Aartsbiskop Desmond Tutu: Leier van die Anglikaanse Kerk van Kaapstad, hoof van Suid-Afrika se Waarheid-en Versoeningskommissie,anti-apartheidsaktivis, wenner van die nobel prys vir Vrede in 1984***



***Natalie du Toit: Swemmer en motiveringspreker; het baie goue medaljes verower, onderandere by die Paralimpiese Spele van 2008; wenner van die Laureus Wêreldsportpersoon van die Jaar met 'n Gestremdheid (in2010) omdat sy die grense tussen sport vir gestremdes en weerbare atlete afgebreek het.***




***Miriam Makeba: Sanger en menseregte-aktivis, verban uit Suid-Afrika vir 30 jaar; die eerste Suid-Afrikaner wat 'n Grammy-toekenning gewen het; wenner van die 1986 Dag Hammerskjold-prys vi; Vrede.***

## VERVOER DEUR DIE EEUE

## VERVOER OP LAND

### Diere

- Mense het diere gebruik om van een plek tot by ’n ander te kom, om dinge te dra en te vervoer, en om werk te doen soos die ploeg van landerye.
- Mense het verskillende soorte diere gebruik en hulle doen dit vandag nog.


### Rytuie, waens en koetse

- Die uitvindingvan die wiel het dit baie makliker gemaak om mense en goedere te vervoer.
- Vroeë wiele is van hout gemaak.



- Wiele is aan asse geheg en gebruik om karre te trek.
- ’n Kar het twee wiele en word gewoonlik getrek deur een of twee diere soos perde, osse, waterbuffels of donkies.
- ’n Wa is ’n swaar voertuig met vier wiele.
- Waens word ook deur diere soos perde of osse getrek, gewoonlik in pare.
- Die poskoets was een van die vroegste vorms van openbare vervoer.
- Dit is deur vier of ses perde getrek en het binne vir ongeveer agt passasiers plek gehad.

### Die fiets

- So vroeg soos die 1800’s het mense tweewiel-masjiene vir vervoer gebruik.
- Die ryer moes op die tweewiel balanseer.

SAMPLE

## KOMMUNIKASIE DEUR DIE TYE

## KOMMUNIKASIE LANK GELEDE

### TAAL, SIMBOLE EN KUNS

- Kommunikasie is die uitruil van inligting.
- Kommunikasie begin met taal of spraak.
- Spraak het dit vir mense moontlik gemaak om inligting met mekaar te deel.
- Mense het begin om simbole te ontwikkel wat oor groter afstande gedeel kon word.
- Mettertyd het hierdie simbole in skrif ontwikkel.
- Grottekeninge is waarskynlik die oudste simbole wat mense gebruik het om te kommunikeer.
- Mense het prente op die wande van grotte geverf.
- Hierdie prente het stories van gevegte, jagtogte, hul godsdiens en ander aspekte van hul kultuur vertel.
- Later het mense die oppervlakte van rotse begin uitkerf en graveer.

### SAN-JAGTERVERSAMELAARS

- Die San was jagter-versamelaars.
- Hulle was die eerste mense wat in suidelike Afrika kom bly het.
- Die San het talle rotsskilderye en gravering s gemaak wat vandag as rotskuns bekend staan.
- Hulle het verf gemaak van oker, bloed, diervet en plantsappe.
- Hulle het ook skerp klippe gebruik om die rotse te graveer.



**Die San het geglo dat as hulle 'n prentjie van 'n dier teken, hulle in staat sal wees om dit makliker te jag.**

### LIEDERE EN DANSE

- Mense kommunikeer deur te sing en te dans.
- Die vorms van kommunikasie word vandag nog gebruik.
- Families en gemeenskappe het liedere en danse gebruik om inligting oor te dra, spesiale gebeurtenisse te vier en met hul voorouers te praat.

SAMPLE